PREDIKANT-IN-MEERVOUD

Predikantswerk in makrogemeentes

Louis Louw | *Dr Louis Louw is predikant van die NG gemeente Pretoria-Oosterlig.*

In 'n gewone eenmansgemeente bestaan daar weinig onduidelikheid oor die werk van die predikant. Die "bedienaar van die Woord" se funksies in 'n gemeente van die NG Kerk word duidelik omskryf in *Artikel 9 van die Kerkorde*. Dit behels onder meer prediking en sakramentsbediening, leiding van eredienste en kerklike onderrig, herder-like sorg, bestuur van die gemeente en die leiding van kerkraadsvergaderings. Alle predikantswerk in so 'n gemeente word dus aan hom of haar toevertrou.

In makrogemeentes is dit uiteraard anders. In makrogemeentes is daar gewoonlik 'n hele aantal predikante wat gesamentlik verantwoordelik is vir die predikantswerk wat gedoen moet word. Maar hoe moet die werk tussen hulle verdeel word? Almal kan tog nie in elke diens preek nie en hulle kan nie almal gelyk voorsitter van die Kerkraad wees nie.

Hulle sal ook gou agterkom dat hulle passie en gawes verskil. Een sal 'n passie hê vir die jeug, terwyl 'n ander baie eerder met die seniors sal werk. Een sal 'n begaafde herder wees, met die gawes van wysheid en bemoediging. 'n Ander predikant sal weer oor die gawe van evangelisasie, leierskap of bestuur beskik.

Aanvanklik was dit die gebruik in makrogemeentes dat die gemeente bloot geografies onderverdeel is tussen die verskillende predikante sodat elke predikant in sy deel al die predikantswerk moes behartig. Preekbeurte is gelykop verdeel en die voorsitterskap van die Kerkraad het geroteer. Per formule (700 lidmate per predikant) is toe bepaal hoeveel predikante so 'n makrogemeente moet hê.

NIE MEER ALGEMENE VOORSKRIFTE

Deesdae is daar vir makrogemeentes net nie meer algemene voorskrifte oor hoeveel predikante hulle moet hê en hoe hulle die werk moet verdeel om aan al die bedieningseise in die gemeente te voldoen nie. Wat wel duidelik geword het, is dat die predikante in spanverband moet funksioneer en dat goeie spanwerk van wesenlike belang is.

> ***...die predikante in spanverband moet funksioneer en dat goeie spanwerk van wesenlike belang is.***

Die nuutste ontwikkeling in makrogemeentes is dat persone wat nie langs die weg van teologiese opleiding as predikante gekwalifiseer het nie, ook in die leierspan opgeneem word vir voltydse diens in die gemeente. Nou ontstaan die interessante vraag: Wat is dan eintlik nog predikantswerk? Wat vorm die wese van predikant-wees? Van die ander kant gestel: As iemand glo dat die Here hom of haar tot voltydse kerklike bediening geroep het, moet hy of sy noodwendig 'n predikant word?

BIOGRAFIE VAN DIE DOMINEE

Gerben Heitink beskryf in sy boek Biografie van de dominee (Ten Have: 2001) op uitnemende wyse die ontstaan en ontwikkeling van dit wat ons vandag in ons kerklike tradisie ken as die predikant – 'n kerklike dienswerk wat ons in sy huidige gestalte tog onmoontlik in die Skrif terugvind. Die vroegste wortels daarvan vind hy by Martin Luther. By hom was die fokus van predikant-wees ongetwyfeld die *prediking*. Mettertyd het dit egter so ontwikkel (spesifiek in Holland) dat die predikant van die negentiende eeu veral *kategeet* geword het terwyl die klem van predikant-wees in die twintigste eeu oorgeskuif het na die van *pastor*.

Die sterk invloed van klinies-pastorale vorming met die klem op die subjektiewe ervaring van geloof het gemaak dat die individuele pastorale gesprek nou belangriker geword het as die prediking.

Tog onderskei Heitink vyf tipes dominees wat jy vandag in die kerk aantref, naamlik die vergadertipe, die evangelisasietipe, die tradisioneel-pastorale tipe, die modern-pastorale tipe en die leraarstipe. Dit bied ruimte vir 'n mate van spesialisering waar daar in spanverband saamgewerk word. In hierdie span kan daar volgens hom dan ook plek wees "voor anderen dan academisch gevormde theologen". Almal is dus nie as predikant opgelei nie.

WIE IS PREDIKANTE?

Word hierdie beginsel van spesialisasie in spanverband as uitgangspunt aanvaar, bring dit ons terug by die vraag: wat kwalifiseer sekere lede van hierdie span as predikante terwyl ander dit nie is nie?

Die eenvoudigste antwoord sou seker wees om te sê dat predikante die *teologies-geskoolde* lede van die span is wat dan ook deur die kerkverband tot predikant gelegitimeer is. Het hy of sy hierdie agtergrond, dien hulle as volwaardige predikante op die span.

"The fundamental role of ministry is that of leadership – leadership in the community of Jesus Christ"

'n Ander standpunt is om die wesenlike funksie van predikant-wees te sien as die van *gemeentelike leierskap*. So beweer P.C.Hodgson in Revisioning the church (Fortress: 1988): "The fundamental role of ministry is that of leadership – leadership in the community of Jesus Christ" (p. 98). Elke predikant behoort dus oor die gawe van leierskap te beskik. Die predikantespan van 'n gemeente is dan almal voltydse leiers op die een of ander bedieningsterrein.

Eugene Peterson (Under the unpredictable plant, Eerdmans:1992) pleit weer vir die wesenlike rol van die predikant as *geestelike gids:* "The paradigm shift I am after is from pastor as program director to the pastor as spiritual director" (p. 175). Net soos elders in die Westerse wêreld wil dit lyk of dié benadering ook hier by ons al sterker aanhang begin geniet. Tog sou mens wou vra of hierdie toespitsing ewe sterk moet geld van alle predikante op die span, of is daar darem ook ander predikantswerk denkbaar?

WOORDBEDIENING

Myns insiens het die Algemene Sinode goeie leiding gegee deur in 1998 te verklaar dat die fokus van die predikante-amp op *Woordbediening in sy verskillende gestaltes* moet val. Dit dui op die fasilitering van die evangelie in al die gemeentelike prosesse. Hierin speel die predikant by uitstek die rol van hermeneut. Hy of sy moet bekwaam wees om die Woord behoorlik te bestudeer en die boodskap daarvan effektief oor te dra aan die mens van ons dag.

Bogenoemde omskrywing van die predikant wat wesenlik hermeneut is, klop dan ook goed met Heitink se konklusie dat die predikant se kern-deskundigheid "*hermeneuties-kommunikatiewe kompetensie*" behoort te wees (p. 284).

Hoeveel sulke persone (predikante) saam met ander bekwame voltydse personeel op die betaalstaat van 'n makro-gemeente moet wees, is 'n saak wat elke gemeente self met verantwoordelikheid moet uitklaar.

UITSETKONTRAKTERING

Dit is egter baie belangrik dat predikante wat na 'n makro-gemeente beroep word, met die hand uitgesoek word omdat hulle uit die staanspoor sal moet inpas in 'n duidelik-omskrewe funksie waaraan die gemeente op daardie stadium behoefte het. Die nuwe benadering van uitsetkontraktering pas ideaal hierby aan.

Dit is uiteraard moeiliker waar makrogemeentes meer lukraak beroep het en nou ná die tyd vir elke predikant 'n pos moet definieer. Dan is dit nie meer so eenvoudig nie.

Mag elke makrogemeente egter die wysheid ontvang om vir hulle na eie behoefte 'n dinamiese leierspan saam te stel van bekwame predikante en ander personeel wat elkeen goed inpas by 'n duidelik-omskrewe funksie in die opbou en uitbou van die gemeente.

Vernuwing en gehoorsaamheid

Dr Andries Cilliers

Dr Andries Cilliers is gemeentepredikant by Potchefstroom-Grimbeekpark gemeente en bied hier interessante perspektiewe op verandering.

"Dominee," vra 'n nuwe intrekker my, "ek wil net weet: Is jy vir vernuwing?" Jy kan hoor "vernuwing" is vir hom die sjibolet wat bepaal of hy jou gaan aanvaar of nie. My onmiddellike reaksie is om te sê: "Dit hang af van watter vernuwing jy praat." In sy oë kan ek sien ek het so pas die toets met vlieënde vaandels gedop. 'n Mens vra nie vrae oor vernuwing nie, 'n mens is bloot vir of teen. Vir is goed, oop, Geesvervuld; teen is sleg, toe, tradisio-nalisties. Tradisie is 'n vloekwoord, want dis 'n mensge-maakte ding – terwyl elke vernuwing reg van Bo kom.

> *Vernuwing beteken dat jy die tydsgees so goed as moontlik probeer opvang en jou kerkdinge daarvolgens inrig.*

Ek kon natuurlik ook die ander soort lidmaat getref het: Die soort wat reken God het so 20 jaar gelede alles tot op die vlak van die volmaakte gebring en toe ophou dink, dus moet alles wat daarna kom, van die duiwel wees. Maar dié soort mens raak, in die dele van die NG Kerk waarmee ek tans te doen kry in elk geval, al hoe minder. Selfs my meer konserwatiewe lidmate voel deesdae verplig om ten minste lippediens aan vernuwing te bewys. Hulle sê goed soos: "Ons is in beginsel natuurlik vir vernuwing, solank julle net nie..." – 'n frase wat gebou word as skans teen kitare en kerse, hande opsteek en kleurvolle gebedsbande onder andere. Hierdie soort lidmate, lyk dit my, hou van vernuwing solank niks verander nie.

Ek moet erken dat ek ongemaklik is met baie dinge wat deesdae as vernuwing verkoop word. Die volgende is 'n eensydige karikatuur van vernuwing, maar ek wil doelbewus 'n spotprent skets in 'n poging om my onge-mak te verbeeld. My lyne gryp ek nie uit die lug nie, maar kry dit uit wat ek kerk-mense hoor vertel. Dit is nie 'n deurdagte stuk praktiese teologie nie, maar 'n poging om 'n populêre "teologie" oor vernuwing weer te gee. Ek moet dadelik bysê, ek hoor dit nie net by lidmate nie, maar ook uit die monde van predikante. Baie mense sien vernuwing as stylverandering. Ons leef in die jaar 2003 en nie in 1950 nie, word gesê. Ons skryf nie meer met vulpenne nie, maar werk met rekenaars.

Hieruit word baie dinge afgelei. Ons moet ander soorte liedere sing, met 'n ander soort begeleiding. Ons breek die kansel af en bou 'n verhoog met 'n moderne, deurskynende kateder daarop. Ons los die ou soort kerkregering en leer by die nuutste bestuurskundiges. Dominee (wat natuurlik deur niemand meer so genoem word nie) preek nie meer nie, hy praat sommer met ons. En hy loop soos 'n wafferse televisie-evangelis heen en weer terwyl hy dit doen. Heel moontlik haal hy net soveel aan uit die Reader's Digest as uit die Bybel, of begin hy sy preek met 'n vertoning van 'n paar minute uit Ally McBeal.

Vernuwing is dus, in dié siening, om dinge nuut en anders te doen. Vernuwing beteken dat jy die tydsgees so goed as moontlik probeer opvang en jou kerkdinge daarvolgens inrig. Dikwels word gesê dat dit nie beteken dat ons die inhoud verander nie, maar bloot die verpakking.
Ons sit die kosbare skat van die evangelie nou nie meer in oudedoos kleipotte nie, maar in designer-pakkies wat die oog van die moderne mens sal vang. Dis nou maar stywe lyne vir die mense wat nie van modern hou nie, wat nog 'n nostalgiese voorkeur vir kleipotte het. As hulle nie wil inpas nie, moet hulle 'n gemeente gaan soek wat nie so vernuwend is nie. Ons kan ons nie laat ophou deur tradisionaliste nie.

Hierdie verstaan van vernuwing se diepste kenmerk is sy antitradisionalisme. Dikwels word aangesluit by Jesus se kritiek teen mensgemaakte oorlewerings om hierdie houding te regverdig. Die antitradisionalisme loop soms so diep dat dit 'n vooroordeel word teen amper alles wat in die verlede in die Gereformeerde tradisie as belangrik beskou is.
Sommige mense kom sover dat hulle amper die orrel en meer tradisionele kerklied met 'n passie begin haat. 'n Vreemde verskynsel is vir my predikante wat met taamlike minagting oor die prediking praat. Dis nie meer vreemd om by predikantebyeenkomste dinge te hoor soos: "Jy moet tog nie dink dat 'n preek 'n verskil kan maak nie." "Wie kan nog na 'n maand onthou wat jy gepreek het?" sal iemand miskien vra, met die bedoeling: Moet tog nie dink prediking het enige impak nie. Hiermee saam gaan by baie lidmate en selfs by sommige dominees, 'n anti-teologiese, anti-intellektuele houding. Die Gereformeerde tradisie is te verstandgerig en serebraal, sal hulle sê. Dis lewelose teorieë oor God, eerder as 'n lewende verhouding met God. Daarom moet preke, Bybelstudies en kategese tog nie te veeleisend wees nie. Baie van die stylveranderinge hang weer hiermee saam: Wys prentjies (verkieslik humoristies, die mense hou van lag) om jou punt te maak. Multimedia is die ding van ons tyd en om vernuwend te wees, moet jy eenvoudig bybly met die tegnologie. Wie op die spits van die nuutste tegnologie is, is nou eg vernuwend.
Ek het 'n paar ernstige probleme met dié manier van dink oor vernuwing. Die eerste is dat die drang na nuwe dinge maklik omslaan in 'n beheptheid met allerhande nuwighede. Dinge se raklewe raak al hoe korter, jy moet al vinniger 'n nuwe haas uit die hoed kry. Dit bring mee dat vernuwingspogings soms vervlak tot 'n eksperimentering. 'n Mens hoor stories (wat moontlik nie verteenwoordigend is nie, maar wat tog alte volop is) wat daarop dui dat die fokus op stylverandering

Ek glo dis juis waar ons probleem lê. En vir ingeval ek teen hierdie tyd al van 'n anti-vernuwende, tradisionalistiese houding verdink word, wil ek sommer sê: Die gedagte dat ons die inhoud reeds klaar het, is die sieklikste vorm van tradisionalisme wat ek ken. Agter die beheptheid met verpakking en die onwilligheid om te worstel met moeilike inhoudelike vrae, sit daar dikwels 'n oppervlakkige en dorre "ortodoksie" wat reken dat die evangelie 'n paar maklike stellings is waaroor ons almal saamstem en wat ons nou net nuut en boeiend moet leer aanbied.

Ek wil sê: ons het die inhoud nié. Dit kan klink na 'n kras stelling, maar ek wil tog daarby staan – en verder sê dat egte vernuwing daarin bestaan dat elke geslag opnuut vir sy eie tyd en plek op 'n konkrete manier na die inhoud sal soek. Dit beteken beslis dat die kerk se styl oor jare sal verander. Ek is werklik nie 'n verstokte tradisionalis wat hunker na die rigiede soort kerkwees wat ek uit my kinderjare onthou nie. Maar die stylverandering is nie stylgedrewe nie, dis inhoudgedrewe. Of liewer: Dit word gedryf deur ons soeke na die inhoud.

...dat egte vernuwing daarin bestaan dat elke geslag opnuut vir sy eie tyd en plek op 'n konkrete manier na die inhoud sal soek. Dit beteken beslis dat die kerk se styl oor jare sal verander.

Wat bedoel ek met inhoud? Die woord vat my eintlik reeds in die verkeerde rigting, omdat dit klink asof ek praat van "gegewens aangaande God" – dinge wat op papier neergepen kan word en so oorgedra kan word na ander. Die hart van die kerk is egter nié allerhande gedagtes oor God nie. Die hart van die kerk is die evangelie as die Woord wat ons aankla, vryspreek, tot kinders van God maak en tot gehoorsaamheid inspireer. Die kerk "het" nie hierdie Woord nie, maar luister na die Woord, leef onder die Woord en uit die Woord.

Soos Bavinck gesê het: Ons kry hierdie Woord nie om dit soos papegaaie na te sê nie, maar om as kinders van God daaroor na te dink. Ons nadenke oor die Woord is egter nooit 'n teoretiese saak nie, maar 'n soeke na wysheid vir die lewe self, 'n soeke na 'n lewe wat tot eer van God sal wees. Egte vernuwing is die vernuwing van ons denke wat ons daartoe bring om die wil van God te onderskei (Rom. 12:1-2). Egte vernuwing beteken dat ons liefde sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom (Fil. 1:9-10). Kort gesê: Egte vernuwing is navolging van Jesus vir ons tyd en ons plek.

Dit is wat ek mis in baie van ons praat oor vernuwing. Die styl verander, die kerk word dalk meer modern en tegnologies gesofistikeerd, maar kom ons werklik by gehoorsaamheid en dissipelskap uit? Bevestig ons stylveranderinge nie dikwels juis gevestigde denkpatrone by mense nie, eerder as dat dit tot 'n diepgaande verandering van denke lei?

dikwels lei tot 'n lelike stylloosheid. Wanneer jy hoor van iemand wat met 'n Blou Bul-hoed op haar kop in die erediens rondwals, moet jy wonder of ons nie besig is om aan te pas na totale smaakoosheid nie.

Hiermee saam hang 'n tweede probleem: Dat sommige vernuwingspogings die tydsgees amper kritiekloos as maatstaf neem. Die nuutste modes en tegnologie bepaal hoe ons dinge doen. Mode en tegnologie is egter ambivalente goed – 'n tipies menslike mengsel van goed en sleg. My vraag is of ons altyd die negatiewe kant van byvoorbeeld die gebruik van tegnologie goed genoeg in ag neem. Dit is deel van ons tydsgees om op tegnologie te vertrou as oplossing vir al wat probleem is, en dit is vir my 'n vraag of ons nie ook in die strik trap om te dink dat beter tegnologie die oplossing vir die probleme van die kerk is nie.

'n Oormatige vertroue op tegnologie skep sy eie probleme, veral as dit by die erediens kom. Tegnologie, sê Neil Postman in sy boek Technopoly, is geneig om te depersonaliseer en vervlak. Onlangs vertel iemand my van 'n erediens wat hy bygewoon het wat totaal deur die tegnologie oorgevat is: Musiek, voorlesings, visuele materiaal, alles is vooraf reggekry en toe "gespeel", sodat daar nêrens in die erediens 'n mens "lewend" aan die woord gekom het nie. Ander mense wat dieselfde erediens bygewoon het, het gedink dis ongelooflik vernuwend, maar my gespreks-genoot (en hy was nie die enigste nie) het dit as onpersoonlik en meganies beleef. Ek self het al preke beleef wat wonderlik ondersteun is deur oudiovisuele aanbiedings, maar wat totaal vervlak het ten opsigte van inhoud. Marva Dawn wys op die gevaar dat die kerk sal inval by die "dumbing down" van die algemene kultuur wat juis 'n neweproduk van 'n oormatige vertroue op tegnologie is. Dit maak my bekommerd oor die beheptheid met verpakking eerder as inhoud, met styl eerder as "substance." Wanneer jy tegnologie as antwoord op jou vrae sien, moet jy jouself beperk tot die soort vrae wat tegnologies beantwoord kan word. Tegnologie kan help met styl, maar bring ons geen tree verder ten opsigte van inhoud nie. Dit kan trouens gebeur – en ek dink dit gebeur – dat ons inhoud begin verloor juis omdat ons so behep is met styl en tegnologie. Omdat jy nie van die Drie-eenheid of die uitverkiesing 'n oulike,aanskoulike aanbieding kan maak nie, praat jy gewoon nie daaroor nie.

Die veronderstelling dat ons die inhoud reeds "het" en dit maar net beter moet verpak om dit vir die moderne mens verteerbaar te maak.

Dit bring my by my diepste probleem met hierdie verstaan van vernuwing: Die veronderstelling dat ons die inhoud reeds "het" en dit maar net beter moet verpak om dit vir die moderne mens verteerbaar te maak. Eintlik hoef ons nie met inhoud te bodder nie, loop die soort denke, want ons probleem lê nie daar nie.

Ek kry die indruk dat egte evangeliese navolging ons steeds ontwyk.

Daar is vernuwingspogings wat opgaan in ervaring en selfs vrome vermaak, maar wat niks meer vra van ons mense nie. Die kerk word 'n diensverskaffer van eietydse godsdiens vir die veeleisende hedendaagse verbruiker. En waar nog gewerk word met die eis tot navolging, lyk dit my, gaan ons weer dikwels die weg van wettisisme op: "Jy moet dit en dat doen sodat jy 'n ware dissipel van Jesus kan word."

In ons gemeente het ons die afgelope tyd 'n vernuwingspad probeer loop in 'n soeke na evangeliese navolging van Christus. Dit is 'n moeisame pad, juis omdat dit indruis teen dit wat baie vernuwers én baie tradisionaliste van die kerk verwag.

'n Paar dinge het egter vir ons duidelik geword langs die pad, wat ek kortliks hier uiteensit:

- **Evangeliese navolging beteken** geïnspireerde navolging waarvoor ons krag uit die Woord put. Nadenke oor die Woord en besinning oor die lewe is vir ons van wesenlike belang. Om weer van die (eintlik gebrekkige) onderskeiding tussen verpakking en inhoud gebruik te maak: Ons het ontdek dat ons juis op inhoud (en nie die tydsgees nie) moet fokus en dat dit die verpakking moet bepaal (ook al sou die verpakking nie noodwendig "eietyds" wees nie).

- **Evangeliese navolging vereis** wel 'n basiese verandering ten opsigte van die manier waarop ons oor "inhoud" dink. Tradisioneel het die kerk gewerk met 'n "inhoud toepassing"-model: Jy gee vir mense die "suiwer leer" as inhoud en vra dan van hulle om dit te gaan "toepas". So skep ons passiewe hoorders wat nooit by toepassing uitkom nie, dikwels omdat hulle nie weet hoe nie. Ons besef al meer dat die geloofslewe gaan om vaardighede wat jy aanleer deur dit te doen en dat jou "inhoud" oorgedra word juis in die aanleer van vaardighede.

Jy hou dus nie lesings oor gebed en sê dan mense moet gaan bid nie; jy laat mense bid en lei hulle verdiepte besinning oor gebed. 'n Wesenlike vaardigheid wat baie moeite vereis, maar onontbeerlik is vir egte vernuwing, is die vaardigheid om self sinvol met die Skrif om te gaan. Daarom wil ons wegbeweeg van lesings (of Bybelstudie) óór die Bybel en beweeg na praktiese Bybelleeskursusse.

- **Die aanleer van vaardighede vereis** egter stewige, liefdevolle verhoudings waarbinne mense oop is vir vermaning en nuwe perspektiewe. Dissipelskap is bo alles 'n verhouding waarbinne een mens aan 'n ander dit oordra wat hy/sy (weer deur ander mense) by die Here geleer het.

Hier help die modernste tegnologie en bestuurstegnieke (wat dikwels neig om verhoudinge onpersoonlik te maak) ons bloedweinig. Dit is, met die min tyd wat mense tot hulle beskikking het en ons neiging om te dink dat groter getalle ook groter effektiwiteit beteken, 'n uitdaging om 'n werklike mens-tot-mens-leerproses in die gemeente te begin.

- **Die bou van verhoudings vereis** egte feesviering. Dat ons eie NG-tradisie dikwels te stroef en swaarmoedig is, kan nie ontken word nie. Ek beleef by baie mense nog 'n soort dualisme tussen feesviering en vroomheid: As ons vroom is, is ons nie feestelik nie en as ons feestelik is, is ons nie vroom nie. Die uitdaging is om op kreatiewe maniere vroomheid en feestelikheid bymekaar te bring (sonder om smaakloos platvloers te raak of in 'n eensydige Halleluja-geloof te verval). Ons soek na vorme van feestelikheid wat die koninkryksfees (waarby sondaars en bedelaars en lydendes doelbewus nader getrek word) weerspieël.

Dit alles sê ten slotte vir my *dat egte vernuwing nie anti-tradisioneel kan wees nie. Dit is wel 'n protes teen dorre tradisionalisme, maar dié protes word nie gelewer op grond van 'n ewe dorre soeke na al wat nuwigheid is nie. Die protes word gelewer in belang van 'n egte, lewende geloofstradisie. Dissipelskap as die aanleer van 'n evangeliese lewenstyl is niks anders nie as tradisie, iets wat van mens tot mens, van geslag tot geslag oorgelewer word: "Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg." (1 Kor. 11:1.) Dit is deel van 'n lewende tradisie om in elke geslag opnuut te put uit die bron van ons geloof – die evangelie; om in elke geslag opnuut gestalte te gee aan ons navolging van Christus; om in elke geslag te protesteer teen dit wat oorgelewer is, maar wat in die weg staan van egte navolging.*

Die gevaar is dat ons in ons verstaan van vernuwing die pad wat die kerk deur die eeue geloop het, heeltemal gaan vergeet. Anti-tradisionalistiese vernuwing is 'n weiering om te leer uit die goeie keuses sowel as die mislukkings van ons kerklike voorgangers – en dit lei dikwels daartoe dat ons in ons tyd verkeerde keuses maak en ou mislukkings in nuwe gestalte herhaal. As ons die pad vorentoe wil vind, moet ons onthou waar ons vandaan kom en hoe ons tot hier gekom het.

As ons die pad vorentoe wil vind, moet ons onthou waar ons vandaan kom en hoe ons tot hier gekom het.